# VONKK 131
# Weet Jy Hoeveel Sterre Skyn Daar






2.
Weet jy hoeveel kleine diertjies
in die veld kruip en krioel?
Weet jy hoeveel vissies swem daar
in die see, in elke poel?
God die Here weet waarheen elkeen trek;
ook die kleinste een, elke wegkruipplek.
**Hy wil elkeen mooi bewaar.**
**Hy wil elkeen mooi bewaar.**

3.
Weet jy hoeveel kinders ronddwaal
en maar op die strate bly?
Weet jy hoeveel kinders kos soek
en wat daagliks honger ly?
God die Here ken elke kind se nood
en Hy help elkeen wat Hom vra vir brood.
**Hy ken jou en het jou lief,**
**Hy ken jou en het jou lief.**

Teks: *Weisst du wieviel Sternlein stehen* – Wilhelm Hey 1837;
Afrikaanse teks: Driekie Jankowitz 2010 *(Pro Deo)*
Melodie: STERNLEIN – Duitse volksmelodie 1818
Orrelbegeleiding: Gerrit Jordaan 2010
Musikale verryking: Gerrit Jordaan 2010
© Teks, orrelbegeleiding en musikale verryking: 2010 VONKK Uitgewers (amin Bybel-Media)
© Melodie: Openbare besit

**RUBRIEK: Kinderlied – Skepping en Onderhouding / Kindwees**